Jaargang 60 Nr. 1

ISSN 1029-8754
April 2012

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Die etiek van geweld

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG
Calvyn

Die naasteliefde

(Die liefde) soek nie sy eie belang nie … – 1 Kor. 13:5

Wanneer ons lewe in alle opsigte die meeste vir ons broers beteken, beantwoord dit die beste aan God se wil en die voorskrifte van sy Wet. Laat ons hieraan vashou. In die hele Wet staan egter geen enkele lettergreep wat die mens tot voordeel van sy eie verdorwe natuur moet doen of laat nie …

Hieruit is dit duidelik dat … hy wat so min as moontlik vir homself leef en ywer, die beste en die heiligste leef. Dit blyk ook dat niemand slegter en sondiger leef as hy wat net vir homself leef en ywer en net aan sy eie voordeel dink en dit nastreef nie. Ja, die Here het selfs die naasteliefde volgens ons eieliefde laat bepaal. Hy het dit gedoen om nog sterker te beklemtoon hoe gretig ons moet wees om ons tot naasteliefde te laat oorreed. Hy kon inderdaad geen hartstogteliker en kragtiger emosie noem nie.

Daar is verder geen rede om die gebod van die liefde net tot ons familielede te beperk nie. Ons lei dít af uit Christus se gelykenis van die Samaritaan (Luk. 10:27 e.v.). Hy het daarin aangetoon dat onder die woord "naaste" élkeen – ook 'n totale vreemdeling – ingesluit word. Ek ontken egter nie dat namate iemand nouer aan ons verbind is, hy deur ons optrede soveel intiemer bygestaan moet word nie …

Maar ek sê dat die ganse mensdom, sonder uitsondering, deur 'n gesindheid van liefde omarm moet word. Ek sê verder dat hier geen onderskeid tussen barbaar of Griek, waardige of onwaardige, vriend of vyand is nie. Hulle moet immers in God, en nie in hulself nie, beskou word …

Dít is die grondbeginsel: ons moet die mens liefhê wie hy ook al is. Want ons het God lief.

Inst. II, 9, 54 en 55

Oor die sesde gebod

As iemand sê: "Ek het God lief", en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie,

Vervolg op bl. 2

IN HIERDIE UITGAWE

Geweld en teologie	3
Christen en roeping	4
Samelewing steier	5
Onder die vergrootglas	7
Geldige beoordeling	9
Die Bybel en geweld	11
Spiraal van geweld gestuit	13
Hervestiging van Christelike kultuur	15
Bybelse beginsels sentraal	17
Demokrasie in die branding	18

Vervolg van bl. 1

kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. – 1 Joh. 4:20

Die Skrif wys daarop dat hierdie gebod op 'n tweeledige basis rus: die mens is die beeld van God, en ook een van ons. As ons die beeld van God dan nie geweld wil aandoen nie, moet ons die mens as onskendbaar beskou. En as ons nie alle menslikheid wil misken nie, moet ons omsien na ons eie natuur.

Die Here wil hê dat ons twee sake in die mens moet opmerk wat van nature daar is. Dit is om ons te oorreed om die mens se behoud na te streef. Ons moet naamlik eerbied hê vir sy beeld wat in die mens ingestempel is, en ons moet ons eie natuur liefhê.

Hy wat hom dus van bloedvergieting weerhou, is nog nie onskuldig aan moord nie. As jy iets mettertyd bewerk of probeer om iets kwaads te beraam, of as jy iets wens of bedink wat 'n ander se veiligheid in gevaar mag stel, is jy skuldig aan moord.

En as jy, andersyds, nie jou bes doen om na jou vermoë en geleenthede sy veiligheid te beskerm nie, oortree jy ook deur dié onmenslikheid die Wet.

Maar as daar soveel geywer word vir die liggaam se behoud, laat ons aflei hoeveel sorg en inspanning ons aan die siel se heil behoort te bestee. Die siel is tog in God se oë oneindig méér werd.

Inst. II, 8, 40



Geweld in SA manifesteer tans in allerlei vorme.

Geweld: ’n teologies-etiese perspektief

Prof. Piet Strauss, Fakulteit Teologie, UV

In Afrikaans – soos in ander tale – het die woordjie ‘geweld’ ’n negatiewe kleur. ’n Mens dink onmiddellik aan die Bybels-profetiese sêding waarmee jy grootgeword het: Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees sê die Here. Of, kort, kragtig en eenvoudig gestel: nie deur krag of geweld nie…

Geweld, of ’n kragdadige deurvoering van jou planne is nie altyd goed nie.

Geweld kan skade aanrig. Geweld en óórweldig loop saam. Dit is altwee negatief. Ek het reeds aan vadersknie geleer dat dit hier nie net om skade aan en teenoor mense gaan nie, maar skade aan mense én dinge.

As die sleutel nie in die deur se slot wil draai nie, moenie geweld gebruik nie. Of as die tas nie in die oorvol bagasiebak wil in nie, moenie forseer nie. Jy kan die tas of die dinge in die tas of dinge in ander tasse beskadig. En dit is onnodig, omdat geweld selde oplossings bring en daar bowendien alternatiewe vir geweld of dwang is.

Geweld lei tot skade

’n Gangbare omskrywing van geweld is dat dit – veral wanneer dit opsetlik of met voorbedagte rade gepleeg word – bedoel is om jou medemens fisiek, sielkundig of geestelik leed of skade aan te doen. Uit ’n Christelik-etiese oogpunt gesien loop dit egter breër as dit.

Geweld gaan om dwang of kragdadigheid wat bots met God se norme vir die kultuur van die mens en sy wetmatighede vir die natuur. Dit is ’n verskynsel wat God se norme vir die menslike lewe en wette vir die natuur of, vir die skepping in sy geheel, ignoreer.

Geweld is om antinormatief of ongehoorsaam aan God en sy lewensomvattende wet op te tree. ’n Ongehoorsaamheid aan sy totale skeppingswet wat op sy beurt gereflekteer word in Bybelse norme vir die lewe, soos die tien gebooie.

Teen hierdie agtergrond beleef ons baie vorme van geweld as ’n alledaagse verskynsel in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Daar is blatante gesinsgeweld, fisieke geweld teenoor mans, vroue, kinders en bejaardes, moorde en aanrandings, verkragtings en ander vorme van seksuele geweld, plaasmoorde, geweldadige rooftogte, taxi- en bendegeweld, kapings wat met fisieke geweld gepaard gaan, die beskadiging en vernietiging van eiendom, padwoede wat oorloop in fisieke teistering, geweld op die sportveld, ras-, godsdiens- en politiekgemotiveerde geweld.

Maar, binne ons omskrywing van geweld is dit ook geweldadig as Christene met profetiese geweld optree en ander mense verdoem, afskryf of subtiel verdag maak; ongebalanseerde ouers hulle kinders totale mensontwikkeling ontsê; mans buffelagtig en stomp optree teenoor stylvolle, fyner vroue; ’n man sy vrou voor ander of waar hulle twee alleen is, of ’n vrou haar man, verneder of belaglik maak; ’n pa of ’n ma hulle goedbedoelende maar onervare kind misverstaan en verkeerd tugtig; mense skok sonder ’n verduideliking; en omstandighede so oorneem in jou lewe dat jy verplig voel om te lieg, te bedrieg, te steel, korrupsie te pleeg en jou so te vergryp aan die liefde, vertroue en lewensruimte van jou naaste.

Geweld teen tien gebooie

Geweld gaan in teen die wet van God wat saamgevat word met die gedagte om die “Here jou God” as die God van sy genadeverbond en van die reg lief te hê met hart en siel en al jou kragte en jou naaste soos jouself. Voorbeelde van hierdie soort geweld kom gereeld onder ons voor. ’n Mens kan dit op die tien gebooie af “lys”.

Dit is geweld om te sondig teen die Heilige Gees: om God se werk aan die duiwel toe te skryf en sy Woord deur twyfel of ongeloof af te maak. Dit is geweld en ’n vergrype aan God se waarheid en eer om moderne afgode soos



geld, goed, drank of die eie ek sentraal in die lewe te stel. Dit is geestelike geweld wat gelowige hoorders laat ineenkrimp om God se Naam sonder respek of as ’n kragwoord te gebruik. Dit is geweld om ’n land deur verset onregeerbaar te maak en in ’n semi-permanente chaos te dompel. Dit is eenvoudig kru geweld om opsetlik te moor. Dit is geweld en ’n vergrype aan die menswaardigheid van jouself en ander om die huwelik te minag en jouself seksueel totaal vry en aan geen norm gebonde nie, te ag. Steel vra ’n kleiner of groter mate van geweld. Lieg vernietig vertroue en verkeerde begeertes is die kiem van verwoesting en chaos in die samelewing.

Geen sondaars, selfs geredde sondaars, spring die pleging of ontvangs van hierdie geweld vry nie! Dit was Luther wat gesê het dat selfs gelowige mense na hulle verlossing en bekering tot geloof in God-Drieënig, op hulle meeste geredde sondaars kan wees.

Tog kan ’n samelewing wat aan die Here gehoorsaam wil wees in ’n sondige wêreld, nie sonder dwang nie. Maar dan nie ongehoorsame geweld nie, maar dwang in die uitvoering van God se gebooie.

Daar is geestelike dwang of oorreding in ’n goeie preek, liefdesdwang in die mooipraat van die ouers met hulle kinders en fisieke dwang soos in die staat.

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

Staatsdwang

Die staatsowerheid is daar as 'n dienaar van God "tot jou beswil" (Romeine 13:4). Een wat die wat goed doen moet prys en die wat kwaad doen moet straf. Die staat moet sorg vir reg en geregtigheid op die betrokke staatsgebied en dit afdwing as dit nodig word of gevaar loop om vertrap te word.

Hier is polisie- en weermagdwang – die eerste een is nasionaal gerig en die tweede een internasionaal – wat regverdig en wettig moet plaasvind. Sonder sulke instrumente kan die staatsowerheid beheer oor die handhawing van die reg en bekamping van misdaad in sy land verloor.

Dit is onaanvaarbaar as die staatsowerheid versuim om die reg te handhaaf en vanweë die aard daarvan, af te dwing. Dit is 'n pligversaking deur die betrokke owerheid wat kom deur nalatigheid of onkunde of eenvoudig 'n onvermoë.

Dit is egter net so onaanvaarbaar as die owerheid sy gesag misbruik in diens van onreg of 'n eensydige bevoordeling van een groep. Die owerheid moet sorg vir die reg van almal en die handhawing van reg en geregtigheid in algemene belang.

Net soos "geweld" bevat die term staatsgeweld 'n negatiewe of afkeurenswaardige klank.

Slotsom

Ons slotsom is: dwang ter wille van die reg, "JA". Maar geestelike of fisieke geweld in diens van onreg of ongehoorsaamheid aan God se gebod, "NEE".

God-Drieënig in Christus deur sy Gees maak ons vry van geweld in diens van dié soort onreg en ongehoorsaamheid.

Die roeping van die Christen

Geneem uit die vertaalde werk van Groen van Prinsterer,* Teen die Revolusie die Evangelie, *deur Prof. S. du Toit

In die Evangelie alleen lê die vaste steunpunt teen die leer van die ongeloof, wel te verstaan: in die *lewende* Evangelie. Nooit kon dooie ortodoksie teen die invloed van die dwaling weerstand bied nie; inteendeel, dit het dit in die hand gewerk. In die Nederlandse geskiedenis van die agtiende eeu het dit geblyk: "'n Koue regsinnigheid wat, nadat dit die lewensbeginsel verloor het, in elke tittel of jota van die vorme 'n steun gesoek het; wat, kragteloos teen sedebederf en twyfelary, self die weg berei vir die leerstellinge waarvolgens die godsdiens aan die uitspraak van die mens afgelei is".[1]

Die belydenis van die Evangeliewaarheid, sal dit krag(tig) openbaar, moet 'n saak van die hart wees, vrug van 'n eenvoudige en kinderlike geloof.

Die eis kom tot iedere Christen, ongeag sy posisie of ontwikkeling. "Eén ding, ek weet en bely dit, één ding is nodig vir almal: nie as staatsmanne of geleerdes nie, as sondaars wens ons salig te word. Eén weg, één waarheid is daar: ek vind die rus en die vrede van my siel in die blye boodskap dat daar in die skuldbetalende offer van die Saligmaker, uit vrye genade, vergewing en saligheid is vir elkeen wat glo". En hierdie "evangeliese waarhede, die onmisbaarheid waarvan nooit treffender as in hulle gemis geblyk het nie, is geen misteries waarin 'n mens deur diepsinnigheid of ligsinnigheid van 'n menslike filosofie ingelei word nie; dit is die verborgenhede wat die Here aan die nederige en sagmoedige bekendgemaak; die waarhede wat, ewe stellig as eenvoudig, in die Heilige Skrif uitgedruk is."[2]

Om deel te hê aan hierdie waarheid is egter nie alleen 'n voorreg nie, maar hou tewens 'n verpligting in.

Daar is opregte Evangeliebelyers wat glo dat Christus sy kerk in stand sal hou, en wat daaruit die gevolgtrekking maak dat Hy dus om die waarheid te laat seëvier die medewerking van swakke sterwelinge nie nodig het nie. Maar, sê Groen, "dít vergeet hulle: ofskoon die Here ons medewerking nie nodig het nie, verlang Hy dit. Dit is in erdekruike dat Hy die uitnemendheid van sy krag gelê het. Sy alvermoë en die sekerheid van die oorwinning deur ons Here Jesus Christus word verkondig as 'n grond, nie om werkloos te wees nie maar standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid nie tevergeefs in die Here is nie. Die vraag is nie of die Here sal oorwin nie, maar óf diegene wat, waar die Here aangerand is, geen deel aan die stryd geneem het nie en met sy vyande vrede gehad het, met Hom sal oorwin".[3]

Seker, één ding is nodig. "Maar as ons daardie een ding besit, moet die vrug daarvan openbaar wees in alles. Ons wil, wat die behoudenis van die siele betref, niks weet nie as Christus en Hy as gekruisigde; maar as ons dít weet, moet die wetenskap van die liefde van Christus ons oral waar Hy verheerlik kan word, opwek en dring. Tot prediking van die Evangelie is elkeen aan wie dit bekend gemaak is, geroep; want die verkondiging aan alle kreature kan plaasvind op velerlei maniere; geen middel wat tot verstand en gemoed die weg baan mag verwaarloos word nie."[4]

Tot vervulling van die roeping is allereers nodig dat die oortuiging verdiep word deur voortgesette bestudering van die beginsels. "Die Christen sou ten onregte meen dat hy, met die rigsnoer van die Heilige Skrif, die wetenskap nie nodig het nie. Om met ywer en nougesetheid werksaam te wees in elke betrekking wat

1. *Handboek, §1101.*
2. *Ongeloof en Revolutie, bl. 8,405.*
3. *Grondwetherziening en Eensgezindheid, bl. 449.*
4. *Ongeloof en Revolutie, bl. 8 e.v.*

Vervolg op bl. 6

Wanneer ’n samelewing onder die geweldsaanslag steier

Die verskynsel van geweld staan welig in ons midde

Geweld in Suid-Afrika is lankal nie meer “’n voorval wat elders” gebeur nie. Nie wanneer ons let op die rapportering daarvan met gereelde tussenpose in die media nie. Dit het as’t ware ’n staande rubriek in elkedagse beriggewing geword. Geweld is ook nie meer iets wat langer net met ‘ander mense’ gebeur nie. Of dit nou is dat iemand genadiglik nog nie daaronder deurgeloop het nie, ons almal word op die een of ander wyse geraak, ook in die morele sin van die woord.

Geweld haal so gereeld die nuus dat dit as’t ware later beskou sou kon word as iets wat in ons moderne samelewing gekom het om te bly. Die gevaar bestaan dat mense so gekondisioneer kan raak dat hulle die aanwesigheid van geweld begin aanvaar as maar deel van ons ‘gedemokratiseerde’ bedeling. Maar juis dit moet ons, kragtens ons belydenis oor God en sy skepping, laat regopsit met die vraag: kan die Christene van Suid-Afrika onbepaald met geweld saamleef of daarmee verlief neem? Het hulle in besonder dan nie die plig om hul stem teen geweld in enige vorm te verhef nie? Of is dit ’n geval dat die publiek, en meer bepaald die Christendom, magteloos staan?

Skouerophalend sou argumenteer kon word dat daar weinig is wat gewone mense daaraan kan doen. Maar is dit die laaste woord oor geweld gespreek?

Dit is ’n veelkantige en wydlopende saak

Statistiek toon dat die spiraal van geweld die afgelope jare hardnekkig op hoë vlakke bly. Tussen die kategorieë van geweld waaronder dit ingedeel word, is dit duidelik dat in ons samelewing daar veelvoudige manifestasies van geweld voorkom. Word dit oor die breë spektrum daarvan beoordeel kan, sonder vrees vir oordrywing, verklaar word dat geweld ’n yslike skaduwee van bedreiging oor die stabiliteit van die landstoneel en die veiligheid van gewone burgers werp. Die verskynsel herinner sterk aan die seekat met ’n veelheid tentakels.

Die veelkantigheid van die geweldsopset maak daarvan ’n hoogs komplekse saak. Dwingend is dus die kwessie hoe daar met ’n vraagstuk wat soveel kante vertoon, gehandel moet word? Oënskynlik ontbreek die antwoorde op die doeltreffende bestryding van geweld wat op hierdie wyse manifesteer. Wat ons tot dusver waargeneem het, is blote tegniese analises daarvan, maar sonder dat met werkbare oplossings vorendag gekom kon word.

Geweld hou besliste reperkussies vir ons samelewing in

Nuusblaaie verleen uiteraard omvangryke publisiteit aan geweld. Groot opskrifte vestig ons aandag daarop, gevolg deur volledige beriggewing. Ons bemerk hoedat geweld sy negatiewe afdruk op individue en die samelewing laat. Nie slegs individue nie, maar hele gesinne, families en gemeenskappe word geraak – dink vir ’n oomblik aan die bendegeweld in die Wes-Kaap. Die uitwerking van geweld is opvallend merkbaar op die lewens van mense, vanweë die fisieke letsels en lyding en die psigiese trauma wat dit veroorsaak. Ons kan met reg verklaar dat geweld verwoestende afmetings in ons land aangeneem het.

In bepaalde situasies is dit ’n klein minderheid, wat deur hulle geweldsoptrede hele gemeenskappe deur angs en vrees gevange neem. Waar laat dit sodanige gemeenskappe in terme van die aanspraak op beskerming en veiligheid en ’n eie gemeenskapslewe? Dit is tog sake waarop gemeenskappe hulle sou kon beroep, kragtens die verskansings wat daar in die grondwet ingebou is. Nou is dit dikwels ván daardie gemeenskappe wat in verset moet kom weens die voortwoekering van geweld binne hulle geledere.

Die geweld los nogtans geen probleme op nie

Die toepassing van geweld is oorwegend kontra-produktief. In hierdie opsig staan geweld dus in die pad van konstruktiewe probleemoplossing, wat as die positiewe wyse van optrede voorgehou moet word. Ons neem waar dat die geweld veel eerder op die afbraak, die destruksie van die ordelike bestel, die beskawing en die totnietmaak van die gevestigde orde en die instellings wat met moeite en sorg opgebou is, gerig word. Daar is weinig, indien enige getuienis dat die geweld dusvêr enigiets bygedra het tot die bevordering van ’n beter samelewing. Die getuienis is eerder oorheersend dat geweld die samelewing stelselmatig vernietig en wat van beskawing nog oorgebly het laat verval. Hoe anders, wanneer waargeneem word dat wat met groot sorg en kundigheid oor eeue heen opgebou is, in enkele dekades afgebreek word. Hoe anders, wanneer mense vermink of verwese agtergelaat word, nadat die geweldenaar(s) met sy/hulle slagoffer(s) klaargespeel het.

Geweld staan gevolglik in die teken van die verwoesting van die beskaafde gemeenskap, asook verhoudinge tussen mense onderling. Dit, gesien teen die agtergrond van die destruktiewe nalatenskap van vernietiging en die bloedspoor en fisieke en psigiese leed in menselewens.

Geweld skep inderdaad groter probleme vir die samelewing, as wat dit enigiets bydra tot die oplossing daarvan. Die prys van geweld is ontsettend hoog en boonop sonder dat enigiets lofwaardigs of verheffends bereik word.

Daar móét ’n verantwoordbare alternatief wees

Wanneer só oor die negatiewe gevolg van geweld uitgewy word, moet daar sekerlik ’n alternatief wees, wat in die plek daarvan gestel en waarteen dit beoordeel kan word. Moet die inwoners van Suid-Afrika maar aanvaar dat die nuwe demokratiese bedeling wat geskep is noodwendig geweld moet huisves, of is daar ’n verantwoordbare uitweg? Die Christen wat geweld in die regte lig beoordeel, moet in staat wees om die antwoord, die oplossing vir die geweldsvraagstuk, te kan aanbied. Hierdie ‘regte lig’ is egter nie van ’n sekulêre oorsprong nie. Dit is enkel die Woord van God wat uitsig kan bied op ’n vraagstuk soos hierdie en wat die kwessie van geweld grondig kan beantwoord.

Die verwelklike lourierkrans

Ds. C Bester

Die Grieke van die antieke tyd, die vaders van die Olimpiese spele, het buitengewone waarde geheg aan die lourierkrans as bekroning vir die oorwinnaar. Nie silwer of goud nie, maar doodgewoon 'n boomtakkie. Die oorwinnaar is bekroon op die dag van die oorwinning – maar dit sou nie 'n oneindige oorwinning wees nie, want volgende keer se wedywering kon maklik 'n ander oorwinnaar op die podium plaas. Ek meen dat dit nogal 'n geldige en 'n raak (lewens)beskouing gewees het.

Ons leef tans weer in 'n wêreld waarin die kompeteringskultuur hoog aangeslaan word. Oorwinnaars word inderdaad in baie plekke met groter verering as die ware God vereer! Die heerlikheid van die oomblik van oorwinning word vasgelê in monumente en standbeelde, en 'n stortvloed van huldigings en lofprysinge. Dikwels word die wysheid van die ou Griekse opvatting vergeet – of net buite rekening gelaat.

Die kortstondige opvatting skyn te wees dat die veldslag ten alle koste gewen moet word, wat ookal die invloed op die oorkoepelende oorlogstrategie mag wees. Die onmiddellike roem dra meer gewig as die eindoorwinning.

Dit is die raamwerk waarbinne mag en geweld die teenswoordige lewenspatroon oorheers: vinnig toeslaan, verras, verslaan, beroof en voortstoom. So asof geen gedagte eers daaraan gegee word dat dit nie die slottoneel van die lewe is nie!

Eers by die opweeg van verganklike en onverganklike bates word 'n mens bewus van die verskil in waarde-opvatting. Die eendaglelie blom uit in een dag, maar God se geloofslourierkrans besorg by die wenpaal 'n ewige oorwinning oor alle sonde, siekte en dood.

Christene is terdeë van hierdie toedrag van sake bewus, terwyl hulle onderwerp word aan onreg, geweld, intimidasie en haat: hierdie veldslag duur net vir 'n tyd – nooit langer as 'n verganklike menseleeftyd nie … en dan? Dan kom God se bekroning vir sy getroues. Dit duur die volle die ewigheid.

Vervolg van bl. 4

hom aangewys is, moet hy ook noukeurige kennis besit van die aard en die werk van sy eie taak. Die vrees van die Here is die beginsel van die wetenskap; maar die beginsel is nie die hele wetenskap nie: dit word gevorm ook uit die orige bestanddele waarin die beginsel hom beliggaam. Die evangeliese waarheid is die suurdeeg; o ja, maar om die voedsame en smaaklike brood te verkry, moet daar by die suurdeeg ook deeg wees. Die deeg van die wetenskap is nodig as 'n mens op deeglikheid prys stel. Laat ons traagheid nie 'n bedrieglike voorwendsel in die algenoegsaamheid van Gods Woord soek nie. So kan 'n mens gelei word tot 'n versoeke van God. Meen iemand dat hy in vraagpunte van die staatsreg wat met die daaglikse praktyk in verband staan, deur 'n Christelike instink bewaar sal word vir die dwaling dat hy die kwaad goed noem en die goeie kwaad?" En wanneer gevra word of dit raadsaam is om 'n mens te verdiep in bespiegelinge oor allerlei kwessies, of "jou in die praktiese strydgewoel te werp, om die nalewing van meninge wat ons vir skade inhou, te belet", dan antwoord Groen: "Seker, dit kan, nou of later, nuttig en pligmatig wees, maar bo alles is dit nodig om nie alleen die uitgestrektheid te weet nie maar veral die wortel en die *vertakkinge* van die kwaad sodat ons met die bederf die geneesmiddel kan leer ken; sodat ons in die onbedrielikheid van 'n gelowige wetenskap die vastheid verkry om by die wind van allerlei lering, onbewoë te bly en in die verdediging van die waarheid ons nie skuldig maak aan daardie onsekere geluid van die basuin waardeur ook 'n waaragtige getuienis dikwels kragteloos word, omdat die getuie self half oortuig is."[5]

Alleen hierdie grondige insig lei tot vastheid van oortuiging. Halwe kennis is oorsaak van kompromieë en weifeling, van toegewing aan dwaling wanneer dit hom onder die skyn van waarheid verberg. As Groen nagaan waaraan die agteruitgang van Nederland sedert 1813 te wyte is, kom hy tot die verklaring: "Dit is omdat die waaragtige Evangelie uit staat en kerk, uit skool en huis óf geheel en al óf in menige opsig uitgeban is. Maar vergun my om by te voeg: dit is nie alleen omdat dit geban is nie, dit is meer nog omdat dit in skyn behou is. Dit is omdat hulle in kerk en skool en elders hoogs ingenome was met 'n Evangelie wat hom laat plooi en rek en versag het na die eis van die omstandighede en die staatsvorme en van die mekaar opvolgende wanbegrippe in godsdiens en politiek; dit is omdat die Christene hulle aangepas het by wat hulle moes weerstaan het; omdat hulle die opgedronge vrede met alles en almal eerbiedig het; omdat hulle hul nie herinner het dat die Evangelie slegs wanneer dit in die harte van die belyers van lewe beroof is, met die dwaling vrede hou nie. Geen gedaante van godsaligheid, geen halwe Evangelie, geen Evangelie wat welbehaaglik is vir almal, geen Evangelie by die verkondiging waarvan almal goed van u spreek nie, geen Evangelie waardeur u vrede met almal behou nie, geen Evangelie wat tegelyk verloëning en karikatuur van die leer van die saligheid is, kan skenk wat vir duursame redding van die nasies nodig is nie. Geen weifelende belydenis het die kerk van hierdie lande gestig nie. Geen weifelende belydenis het dit, saam met die Nederlandse staat, onder die grootste gevare behoed, bevestig en tot onberekenbare seën gestel nie."[6]

5. a.w. bl. 9 v., 7.

6 *Handboek, 6e druk, bl. 900 v.*

Geweld onder die vergrootglas

Die beeld van geweld is skrikwekkend

Wanneer die werklike beeld van geweld beoordeel word, moet daar veel dieper as die sigbare gegaan word. Terwyl die uiterlike van geweld byvoorbaat so is dat dit vir baie dikwels net te veel is om te aanskou, wat is dieperliggend aan die gang? Ons neem al meer 'n samelewing waar waarvan die sekerheid weggeteer word en wat vanweë trauma en vrees na binne gekeer word. Dan moet verklaar word dat geweld sonder twyfel talryke negatiewe en onberekenbare gevolge vir die samelewing inhou.

Die uitwerking van geweld kan oor die breë spektrum van ons samelewing waargeneem word. Die aanslag het sowel 'n psigologiese as 'n fisieke kant. Aan die eenkant sien ons hoedat die volhouding van die aanwesigheid van geweld die bedoeling het om 'n sekere psigose te vestig. Die oogmerk daarmee is dat mense so gedemoraliseer moet word, dat hulle effektief lamgelê word. Niemand moet dit as't ware nog waag om hulle teen geweld te verset nie en so word 'n hele bevolking onder 'huisarres' geplaas.

Wanneer mense so onder geweld moes deurloop dat hulle as't ware net met hulle lewens daarvan afgekom het, skep dit alreeds 'n toneel wat met skok en afgryse vervul. Dit laat 'n mens meermale vra hoe dit moontlik is dat een mens, of 'n groep hom-/hulself so teenoor 'n ander kan uitwoed. Wat sit agter die geweldenaar(s) se optrede wat daartoe lei dat hulle slagoffers dikwels op die mees gruwelike wyses geskend word. En wat van die voortgaande aanvalle op individue of gesinne op plase en in stede, ten gevolge waarvan een of meer se dood as die soveelste moord aangegee moet word?

Het ons in brutale geweld met persone te doen wat alle ontsag vir God en sy gebod, alle menslikheid, oorboord gegooi het. Wat dryf die geweldenaar daartoe om met felheid van haat en woede teenoor 'n medemens te reageer – in die meeste gevalle onskuldige, niksvermoedende slagoffers.

Geweldsoptredes het meestal gemeenskaplike oogmerke

Die motiewe wat agter geweldsoptredes sit kan verskil, maar daar is oor die algemeen een gemeenskaplike oogmerk. Dit is om die slagoffer soveel leed en pyn as wat in omstandighede moontlik is te besorg. Die ander persoon word vir die aanvaller 'n blote 'voorwerp', wat soveel moontlik skade berokken moet word, sodat 'n duidelike boodskap daarmee uitgestuur word. Geweldenaars het in die algemeen 'n punt wat hulle teenoor die samelewing wil bewys. Dit kan wees dat hulle self daartoe gedryf word, deurdat hulle eie persoonlike situasie onhanteerbaar geraak het. Dit bereik later die stadium dat hulle hul tot geweld wend as enigste uitweg, soos hulle dit sien. Hierdie gevalle is egter in die minderheid. In die meerderheid daarvan is dit persone wat deur die een of ander wrok teen die samelewing gedryf word, wat 'n psigopatiese behae daarin vind dat andere skade berokken word. Hulle oogmerk is dat hulle hul wrokkigheid met maksimale effek wil wreek, ten einde hul eie sadistiese doelwitte te bevredig.

Geweld het in die reël slagoffers in die oog

'n Uitstaande kenmerk van die uiting van die geweld van ons tyd is dat iemand anders daarvoor geteiken word. Om blote geweld te pleeg is klaarblyklik nie genoeg nie. Die geweld moet by voorkeur aan die persoon van 'n ander voltrek word. Die opvallende van hierdie optredes is dus dat ander mense daarvoor moet boet, wat 'n bepaalde gesindheid teenoor die medemens weerspieël, wat beslis nie van die liefde wat God van ons vra getuig nie. Geweldsoptrede dra dus die duidelike boodskap dat ons in sekere opsigte met 'n ernstig-siek samelewing te doen het. Indien die aanstigters daarvan van oordeel sou wees dat ander mense wat in die pad staan van die bereiking van hul persoonlike doelwitte eers uit die weg geruim moet word, is daar immers 'n groot skroef los. Wat dus beklemtoon wil word, is dat diegene wat by voorbaat geweld in die oog het, vanuit 'n bepaalde gesindheid opereer. Dit herinner onvermydelik aan dié van die Bybelse Lameg van Gen. 4:23-24, wat op menigvuldige (70 x) wraak uit is.

Geweld as 'n uiterlike manifestasie van innerlike konflik

Die oorheersende indruk wat deur geweldsoptredes op straat en in openbare domeine gelaat word, is dat ons hier met 'n uitgieting van die woede van mense te doen het. Die aanstigters laat 'n spoor van skade en vernietiging agter, waarin dikwels brand gestig en gemeenskaplike of private eiendom beskadig word. Of ons bemerk hoedat hulle met intense haat hul aanvalle op hul medemens toespits; in baie gevalle omstanders wat glad nie ingetrek wil wees nie.

'n Mens sou wel kon vra met welke soort gedrag ons hier te kampe het. Sommige sielkundiges sal hierdie vraag moontlik anders wil beantwoord, maar daar móét in die psige van mense wat hulle so tot geweld wend 'n oorsaak wees wat hulle tot geweldsoptrede laat oorgaan. Die oorsaak van geweld setel in die mens self. Dit is nie 'n geval dat daar vir geweldsoptrede 'n verskoning of versagting gesoek word nie. Al wat aangetoon wil word, is dat in die psige van die geweldenaar wat so optree, daar 'n dryfveer bestaan wat uit innerlike konflik voortvloei. So 'n persoon sit nog vasgevang in die greep van die bose mag wat totale beheer oor soeen se lewe uitoefen. Hulle persoon word so deur hierdie mag oorgeneem dat hulle tot geweld teen hul medemens opgerui word. Daar kan dus kwalik regverdiging daarvoor gevind word dat iemand hom aan geweld skuldig maak, deur die beweerde

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

onreg aan die eiendom of persoon van 'n ander te vergeld.

Geweld moet vanuit die regte perspektief beoordeel word

Dit is vir die doel van ons bespreking noodsaaklik dat geweld vanuit die regte perspektief beoordeel word. Die argument sou moontlik aangevoer kon word dat geweld in bepaalde omstandighede regverdigbaar sou wees. Dit sou dan maklik kon ontaard in 'n beskouing dat die omstandighede (bv. verontregting) waarin iemand hom bevind, of die optrede van 'n ander, indien dit my nie aanstaan nie, geweld veroorloof. Hier moet baie duidelike onderskeide getref word, vanuit ons Christelike perspektief.

Daar is sekere omstandighede waar geweld onafwendbaar sou wees, bv. waar my eie of ander se lewe bedreig word. Dan sou alle moontlike optrede ter beskerming daarvan geoorloof wees. Sodanige optrede geskied nie met die bedoeling dat 'n medemens kwaad aangedoen wil word nie; die motief van haat of wraak is nie (behoort nie) ter sake (te wees) nie, maar wel selfbeskerming.

Die Christelike perspektief onderskei ten opsigte van die gesindheid wat daar by volgelinge van die Here Jesus moet wees, naamlik dat haat nie met haat beantwoord moet word nie, vergelding nie met vergelding nie, ens. Wraak kom immers nie die mens toe nie, maar God wat in heiligheid daaroor oordeel. So bely ons, op grond van die Woord. Daarom moet die Christen se optrede in alle omstandighede hierdeur bepaal word. God gebied trouens dat ons selfs ons vyand nie sal haat en daarom (by implikasie) met geweld teenoor hom optree nie.

SA misdaadstatistiek 'skrikwekkend'

Geneem uit* Beeld*, 29 Jan. 1997

Suid-Afrika staan (wat moorde betref) derde in die ry, met Colombia en die Bahamas 'n kortkop voor.

Plaaslik word 45 uit 100 000 mense jaarliks vermoor. Die ooreenstemmende internasionale syfer is 5,5 per 100 000. Só het supt. Wikus Weber, skakeloffisier van die Polisie aan die Oos-Rand, onlangs tydens 'n geselligheid van die Maria van Riebeeck-vroueklub by die Johannesburgse Buiteklub in Aucklandpark, gesê.

"Geweldsmisdade is egter een van die grootste probleme waarmee ons plaaslik worstel," meen supt. Weber.

"Die mees skrikwekkende statistiek is dat slegs 450 misdade uit elke 1 000 misdrywe by die Polisie aangemeld word. Net 230 van dié sake word opgelos."

"Uit dié 230 sake wat opgelos is, word slegs 100 van dié misdadigers vervolg en slegs 77 van húlle gevonnis. Nét 36 uit die 77 mense kry gewoonlik tronkstraf en net 8 uit dié getal kry tronkstraf vir langer as twee jaar," sê hy. "Die ontstellende gevolgtrekking wat 'n mens maak, is dat slegs 1 uit 1 000 misdadigers gerehabiliteer word," sê hy.

"Dié statistieke laat 'n mens besef dat dit noodsaaklik is vir mans en vroue om nié te dink 'iets kan nooit met my gebeur nie'. Dit is een van die grootste foute wat mense kán maak en dit veroorsaak dikwels dat mense nie oplettend genoeg is nie. Alle Suid-Afrikaners se ingesteldheid teenoor misdaad moet begin verander," meen hy.

"Orals kry ons wenke oor misdaadvoorkoming, maar uit statistieke blyk dit dat dít nie juis 'werk' nie. Dalk is van die wenke te ouderwets, miskien luister mense nie meer daarna nie, of miskien luister hulle 'verkeerd' daarna."

Huldeblyk: Francis Nigel Lee



Tydens die druk van ons Desemberuitgawe het ons van die oorlye van wyle prof. Francis Nigel Lee verneem. Dit was op 23 Desember 2011, dat hierdie wêreldbekende Christen-wetenskaplike heengegaan het, nadat hy motorneuronsiekte opgedoen het.

Prof. Lee se lewe is 'n getuienis van die wonderbaarlike genade van God, deurdat hy vroeër in sy lewe uit verskeie kritieke situasies gered is, die laaste wat tot sy kragdadige bekering onder in 'n Welkomse goudmyn in 1955 gelei het. Dit was nadat hy op jeugdige leeftyd vanuit Engeland na Suid-Afrika gekom het om in Kaapstad te studeer. Tot op daardie dag in Desember 1955, toe hy gevaar geloop het om van uitputting ondergronds te sterf, was hy 'n volslae ateïs. Daardie dag was egter die keerpunt, aangesien hy tot ware bekering gekom en daarna 'n lewe in volkome toewyding aan die Here begin leef het. Dit was trouens die belofte wat hy gemaak het.

Hierna volg 'n tydperk van intense studie, waarin prof. Lee hom bekwaam in die Lettere, Opvoedkunde, Regte, Teologie en Wysbegeerte, waarin hy ondermeer een-en-twintig grade, waarvan elf doktorsgrade, asook 'n ere-doktorsgraad behaal.

Prof. Lee se wetenskaplike begrondheid neem hom van Winterton in Suid-Afrika eers na die VSA, waar hy binne die gereformeerde tradisie aan verskeie van die Amerikaanse gereformeerde opleidingsinstellings werk. Hy is aan die einde daarvan, in 1980, akademiese rektor aan die Graham Bible College te Bristol.

In 1981 gaan die gesin na Australië waar prof Lee Sistematiese Teologie aan die Presbiteriaanse Teologiese Skool te Brisbane doseer.

Prof. Lee was 'n vriend van ons Vereniging, wat in 2001 Bloemfontein besoek en met medewerking van die VCHO 'n aantal lesings in verskeie kerke aangebied het. Sy omvangryke nalatenskap oor die Christelike lewenspraktyk is van onskatbare waarde, waarvan o.m. *Daily Family Worship*.

Ons eer hiermee die nagedagtenis van 'n Christen-wetenskaplike wat 'n enorme bydrae gelewer het. Hy was deur die Here begaafd om met diepte van Bybelse wysheid 'n nalatenskap te lewer wat as fenomenaal bestempel kan word.

Hoe kom ons by ’n geldige beoordeling van geweld uit?

Kan geweld op enige wyse 'geregverdig' word?

Wat ons Suid-Afrikaanse samelewing betref, was ons die afgelope dekades nog deurgaans van die teenwoordigheid van geweld bewus. Dit is asof geweld maar heeltyds deel van die samelewing was en ook in die toekoms sal wees. Gevolglik word die standpunt deur sommige ingeneem dat geweld as ’n sosiologiese verskynsel altyd daar sal wees. Solank die vlakke daarvan onder beheer gebring kan word, is dit die beste wat in omstandighede gedoen kan word, word geredeneer. Maar sou so ’n benadering as die mees verantwoorde beskou kan word? Gewoonlik word na geweld wat só in die samelewing gevestig geraak het dat dit later deel daarvan word, as geïnstitusionaliseerde geweld verwys. Van hierdie soort geweld kan baie moeilik weer ontslae geraak word, omdat dit wortel geskiet het.

Die deurgee van misdaadstatistiek bly ’n kontroversiële saak, wanneer bv. verklaar word dat sekere gevaarliker kategorieë afgeneem het, terwyl die sogenaamd ‘minder’ gevaarlike weer toegeneem het. Dit kan wees dat verskerpte polisie-optrede die meer gevaarlike vorme van geweld laat afneem. Die probleem is egter dat die misdaad en geweld wat daarmee gepaardgaan steeds latent aanwesig is. Die oomblik wanneer polisie-optrede verslap word, sal dit weer opvlam. Dan sou daar ook geweld wees wat in die oog van die publiek erger as andere kon wees, bv. dié wat teen weerlose kinders en vroue gerig word, terwyl ander vorme as minder erg en daarom meer aanvaarbaar beskou sou kon word.

Waaroor in die bespreking duidelikheid verkry moet word is of watter soort geweld wat teen wie ookal gerig word, geregverdig sou kon word. Daar heers eksplisiete publieke weersin in die geweld wat teen vroue en kinders gerig word, te meer nog wanneer molestering en verkragting deel daarvan geword het. Maar, sou ander minder ernstige misdaad/geweld dan teen die agtergrond hiervan, *ipso facto* geduld kon word? Sou die voorkoms van geweld in bepaalde omstandighede 'geregverdig' kon word?, is van die vrae wat beantwoord moet word.

Die element van wraak/vergelding as motief

Gelet op die voorkoms van geweld moet dit duidelik wees dat wraak en/of vergelding in die meeste gevalle die dryveer daaragter is. Die geweldenaar is van oordeel dat hy of sy veronreg is/word en daarom die reg het om die samelewing terug te betaal deur dit op andere te wreek. Of die aanstigter(s) dring daarop aan dat die onreg wat hy/hulle moet verduur aan ’n ander vergeld moet word.

Dit is so dat mense wat van oordeel is dat daar op hulle regte inbreuk gemaak word, hulle tot die remedie van vergelding mag wend. Ons weet dat in ons gebroke en tans sekulêre bedeling daar die gevaar bestaan dat op die regte van ’n ander ’n persoon inbreuk gemaak sou kon word. In beskaafde gemeenskappe word die skending van die reg deur die regstelsel hanteer, wat veronderstel word objektief en onpartydig te moet regspreek, ten einde die reg te herstel. Volgens ons Christelike beskouing word die handhawing van die reg in ’n objektiewe lig beskou. Geregtigheid, wat ’n universele karakter het en sy oorsprong in God het, vind uitdrukking in die Wetsordeninge van God, waaraan die subjekte onderworpe is. Die Woord is tewens baie eksplisiet daaroor dat die Wette van God gehoorsaam moet word. Van ons word verwag om na die eise van hierdie reg reg te lewe. Iemand wat oortree staan byvoorbaat skuldig voor die hoë reg van God.

In ons menseregtekultuur het daar egter ’n verskuiwing na die ‘ek’ wie se regte nie aangetas mag word nie, plaasgevind. Die reg om op te tree setel nou in die persoon self, wat die uitlewing van sy of haar regte met alle moontlike middele wil afdwing. Die wanverhouding wat sodoende in die toepassing van die reg ontstaan skep ’n teelaarde vir ongebreidelde geweld, soos dit baiekeer in massa-optredes, soos stakings, na vore kom.

Is Suid-Afrika se nuwe oop samelewing ’n moontlike 'verweer'?

Met oop samelewing word hiermee bedoel dat in die ordening daarvan grootliks met afgrensing weggedoen word. Dit gaan hand aan hand met die ideaal van vryheid wat nie aan verantwoordelikheid gekoppel wil wees nie. So ’n vryheid wil nie begrens word nie; geen perke moet daaraan gestel word nie. Waar so ’n vryheid heers, sal dit daaraan uitgeken kan word dat iemand maklik die toevlug tot geweld neem, indien hy of sy van oordeel sou wees dat hulle persoonlike vryheid aan bande gelê word. Een voorbeeld, ter illustrasie, is die privaatheid van mense wat eerbiedig behoort te word. Maar hoe dikwels vind ons nie dat hierdie privaatheid deur ongemagtigde indringing geskend en mense op enige denkbare wyse aangerand word nie. Die regte wat veronderstel word deur die grondwet verskans te wees word, ironies genoeg, deur die menseregtekultuur weer ‘opgehef’.

Wat van mense se reg op beskerming en waardigheid?

Ons Christelike waardering van die mens as skepsel is dat hy/sy na die beeld van God geskape is. Wanneer geweld deur enigiemand toegepas word, kom hierdie beeldskap onmiddellik in die gedrang. Dan is dit nie net die persoon wat geweld pleeg nie, maar ook die een wat daaronder ly, wat daartoe lei dat hierdie beeld wesenlik aangetas word. Iemand wat hom/haar aan geweld skuldig maak tree nie op as een na die beeld van God geskape nie, aangesien geweld, met respek gestel, nie met die Wese van God in verband gebring kan word nie. Nee, ons sal moet vasstel wat met dié mens verkeerd gegaan het wat sy/haar toevlug tot geweld neem. Dit staan radikaal téénoor wat God in sy Woord van die mens vereis. Onder meer sou dit beteken dat, sover dit binne ons

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

vermoë is, ons ander mense die lyding van geweld sal wil spaar. Dit sou daarom in stryd met die ordening van God staan wanneer iemand aan 'n ander se lewe lyding sou wou toevoeg, deur so-een geweld aan te doen.

'n Poging tot 'n omskrywing van die vraagstuk

Terwyl dit so is dat daar verskillende beskouinge oor geweld gehuldig word en mense ook verskillend oor die oorsake daarvan mag dink, sal daar waarskynlik min verskil word oor wat geweld is. Geweld sou omskryf kon word as die proses waar daar van ongeoorloofde metodes gebruik gemaak word, waardeur mag vir eie gewin op 'n teen-normatiewe wyse aangewend word, sodat dit 'n drastiese, negatiewe uitwerking op die normale, ordelike verloop van sake het. Sodanige aanwending het die gevolg dat die (regs)orde en stabliliteit van die samelewing in die gedrang kom en dat die persoon van 'n mens aan vernederende en brutale optrede onderwerp word, dikwels tot die punt dat dit lewensverlies meebring.

Dit behoort vanuit ons Christelike beoordeling duidelik te wees dat die aanwending van geweld direk indruis teen die wetsorde wat God vir sy skepping bepaal het. Die miskenning van die verbod teen doodslag staan hier wel uit, maar dit is ook die sentrale liefdesgebod wat geheel en al verontagsaam word.

Kultuur van geweld wek kommer

Gerapporteer in 'n nuusbrief van die Rooivleisprodusente-organisasie, Apr. 2010

Tydens 'n misdaad-konferensie wat deur Agri SA gehou is, is daar kommer uitgespreek oor die gevestigde kultuur van geweld en gebrek aan respek vir lewe en privaat-eiendom in Suid-Afrika.

Dié kultuur manifesteer homself in misdaad met 'n hoë voorkoms van brutaliteit wat die welvaart en mededingendheid van landbou in Suid-Afrika in gevaar stel. Sonder 'n veilige en vooruitstrewende landbousektor is voedselsekerheid en landelike stabiliteit nie gewaarborg nie.

SA in knelgreep

Die volgende statistieke toon hoe Suid-Afrika in 'n knelgreep van geweld vasgevang is (De Beer 2007:6). Sedert 2001 is daar reeds 130 000 mense in die land vermoor (vgl 9/11 se 3,000-4,000). Volgens 'n bepaalde indeks wat die mate van onvrede/vrede in lande meet, het Suid-Afrika die 99ste plek uit 120 lande ingeneem wat onvrede betref – dit is 'n posisie wat Suid-Afrika tussen lande plaas wat deur oorlog geteister word. Die Mo Ibrahim-indeks beskryf Suid-Afrika op twee na as die onveiligste staat (uit die 48 state wat gemeet is) suid van die Sahara. Hoe akkuraat hierdie metings ook al is, dit dui op die ernstige probleem waarmee Suid-Afrikaners gekonfronteer word as dit by die realiteit van geweld kom. Van die jongste statistiek wil dit dan ook hê dat aanvalle in gewelddadigheidsgraad aan die toeneem is. De Beer (2007:6) praat selfs van 'n staat van beleg waarin die vryheid van individue ernstig aan bande gelê word. Bron: *Hervormde Teologiese Studies*, 2008.

Seminaar te Pretoria

Tydens verlede jaar se kongres te Potchefstroom is die VCHO se voorneme om die gesprek oor die evolusionistiese denkrigting voort te sit verklaar. 'n Referaat oor: "Evolusie is versoenbaar met die Christelike geloof" is dáár gelewer. Ander referate vanuit die Wetenskap van die Informasieteorie en die Christelike Teologie het dit egter weerspreek, op grond van ons Christelike lewensbeskouing, soos op die Woord gegrond. Die gesprek word op 21 Julie in Pretoria voortgesit wanneer daar tydens 'n seminaar drie voordragte aangebied sal word. Enigeen is welkom en gesprek hieroor word aangemoedig. Belangstellendes kan tel. nr 051 525 2341 skakel.

Bied die Bybel ons 'n antwoord op geweld?

Wat leer die Bybel oor geweld?

Geweld en korrupsie gaan feitlik hand aan hand in die deurlopende verwysing daarna in die Bybel. Trouens, die Bybel skroom nie om hieroor eksplisiete uitsprake te maak nie, waaruit ons sonder twyfel God se veroordeling daarvan as direk in stryd met sy wil vasstel. Die manifestering daarvan gaan terug tot die mens se eerste vergryp teen die proefgebod in die paradys. Alreeds dáár het die kiem van geweld sy intrede in menselewens gemaak. Aanstons volg die eerste doodsberig waar ons verneem dat daar teen 'n bloedverwant opgetree word, deur sy lewe te neem. Die verskynsel van geweld word sedertdien in die geskiedenis van die mensdom voortgedra; ons lees herhaaldelik daarvan gedurende die tydperk van oud-Israel en tot in die Nuwe Testament. Ja, en is ons nie pynlik daarvan bewus dat tot in ons tyd die mens skuldig staan aan die vergryp teen God en sy wetsorde.

Dit, ter illustrasie hoedat geweld van oudsher sy Kaïnsmerk op die mensdom gelaat het. Een van die grootste aanklagte teen die mensdom pas voor die sondvloed, was die uitgieting van geweld op die aarde. Daarvan lees ons in Gen. 5:11-13 –

[11]Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God en die aarde was vol geweld. [12]Toe sien God die aarde aan en dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verdorwe. [13]En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom, want die aarde is deur hulle vervul met geweld. ...

Dit was inderdaad vanweë die algemene verdorwenheid en geweld dat die aankondiging oor die sondvloed gevolg het.

Geweld het sy oorsprong in die sondeval

Geweld kan op geen ander wyse verklaar word, indien dit nie na die oorsprong daarvan, die sondige opstand teen God, teruggeneem word nie. Reeds sedert die sondeval, is geweld eie aan die menslike geaardheid en optrede. Dit is inherent aan ons menslike aard om met geweld op te tree, tensy daar met die mag van die sonde gebreek kan word. Solank ons van hierdie sondemag nog nie vrygekom het nie, sal ons houdings en optredes in 'n mindere of meerdere mate deur die aanwending van, of toevlug tot geweld gekenmerk word. Geweld word ook nie eers geweld wanneer dit in uiterlike dade na vore kom nie, maar is na ons innerlike ook dáár waar begeertes en gedagtes gekoester en bedink word, wat teen die wil van God ingaan.

Hoe verdiskonteer ons geweld wat in die Bybel voorkom?

Vroeër is daarna verwys dat, benewens die aanklag van die sonde van geweld wat onder oud-Israel sy verskyning gemaak het, daar ook in die Bybelse heilsgeskiedenis geweld voorkom waar bv. teen heidense volke opgetree was. Daar moes nie net teen diegene onder die volk van die Here wat hulle aan gruwelsondes skuldig maak met strafgerigte wat geweld inhou opgetree word nie (vgl. bv. Nadab en Abihu), maar dit strek verder. Deur die oorloë wat gevoer was, was geweld onvermydelik en ontstaan die vraag hoe hierdie en ander geweld verdiskonteer moet word. Die opdrag aan oud-Israel dat die heidense volkere uitgeroei moes word, kon nie anders as deur geweld en bloedvergieting gebeur nie. 'n Mens sou kon vra of ons hier met 'n God te doen het wat geweld sanksioneer, met respek gestel, of wat toelaat dat, ter wille van die in-besit-neem van die beloofde Kanaän, daar met wapengeweld teen die destydse heidense volke oorlog gevoer moes word.

Hoe moet hierdie opdrag tot die opneem van die swaard teen die heidense volke verstaan word? Dit moet so verstaan word dat die heiligheid van God nie anders kan nie as dat die godsdienstige en kultiese gebruike van heidense oorsprong en praktyke wat onder die Israelitiese en Kanaänitiese volke van daardie tyd voorgekom het uitgeroei moes word, voordat die land in besit geneem kon word. Die beloofde land moes as't ware hiervan gereinig word, voordat dit beset kon word. Daar kan nie in die geledere van God se volk godsdiens en kultuur beoefen word waarin terselfdertyd die Ware God, asook die afgode van die heidense volke aanbid, gedien en vereer word nie. Daarom moes die heidense volke met hulle afgodiese gebruike in die oud-Israelse tyd met wapengeweld verdryf word.

Geld die Bybelse gesag beperkend slegs vir gelowiges?

Die vraag is van belang binne die konteks van 'n samelewing waarvan nie iedereen Christen is nie. Benewens 'n veelheid godsdienste wat oor hierdie saak anders mag dink, is daar ook diegene wat hulle aan geen bepaalde godsdiens verbind nie. Is almal in dieselfde mate gebonde aan die Bybelse uitsprake teen die gebruik van geweld?

Kragtens die Bybelse gesag, soos wat dit in ons gereformeerde oortuiging oor God en sy skepping bely en geleer word, is dit ons standpunt dat die opdrag om geweld af te sweer universeelgeldend is. Elke mens is aan hierdie verordening gebonde, ongeag posisie, rang of stand. Vir almal geld die verbod teen die pleeg van geweld, aangesien dit indruis teen die wetsorde wat God vir sy skepping en daarmee ook elkeen van sy skepsele bepaal het. Daarom kan en moet aan almal wat hulle tot geweld wend hierdie verbod voorgehou word, selfs ook diegene wat God en sy Woord minag.

Die staat se verantwoordelikheid is in die bespreking belangrik, deurdat spe-

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

sifiek aan hom die opdrag gegee word om die regeermag op aarde uit te oefen. Deur aanwending van die swaardmag wat aan die wêreldlike owerhede verleen is, moet daar teen diegene wat geweld aanstig opgetree word (vgl. Rom. 13). Dit is juis die kwaaddoeners wat tot orde gebring moet word, deur teen hulle op te tree.

Wat gebied God in sy Woord, wat as teenvoeter vir geweld sal dien?

Geweld, as 'n middel om 'n persoonlike doel te bereik word dus uitdruklik deur God verbied. Voldoende getuienis hieroor bestaan, waarvan slegs die volgende Skrifgedeelte aangehaal word (Gen. 49:5-6):

[5]Simeon en Levi is broers. Hulle wapens is werktuie van geweld. [6]Laat my siel nie kom in hulle raad nie, laat my eer nie eens wees met hulle vergadering nie. Want in hulle toorn het hulle manne doodgeslaan en in hulle moedswilligheid het hulle beeste vermink.

Vervolgens ontstaan die vraag na wat God ons dan gebied in positiewe sin. Die Bybelse antwoord staan nogal in opvallende kontras met die selfgelding van die geweldenaar. Dit vra van ons die teendeel, naamlik oorgawe en onderwerping aan die Woord en Gees van die Here. Ook in hierdie opsig is die Skrifgetuienis oorvloedig, maar word slegs enkele daarvan aangehaal:

Rom. 8:4 "sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."

Gal. 5:5 "Want ons verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop."

Ef. 5:9 "Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid, geregtigheid en waarheid."

Terwyl die Bybel geweld verbied, stel dit tegelyk die goddelike weg van geregtigheid en gehoorsaamheid. Dit moet dan nie as die ongenaakbare eis van 'n onverbiddelike God vertolk word nie. Daar waar die mens in die nuutgemaakte verhouding deur die verdienste van ons Here Jesus in die verbond met God teruggebind word, geskied dit langs die weg van Goddelike liefde en genade.

Hoe moet die boodskap diegene wat geweld versin bereik?

Dit behoort duidelik te wees dat sowel die kerk as die staat 'n verantwoordelikheid het teenoor diegene wat geweld versin. Die kerk moet dit deur sy evangeliese getuienis doen, deur te verkondig dat geweld as sonde gebrandmerk is en dat die een wat geweld versin self ook aan die hand daarvan sal ly. Die kerk het dus 'n profetiese roeping wat nagekom moet word, deur die Bybelse standpunt teen geweld in die samelewing uit te dra. Die Woord is tog ook baie duidelik daaroor dat die beginsels van geregtigheid, liefde en waarheid tot God en teenoor ons naaste moet geld. Benewens dat binne die geloofsgemeenskap die gebod van God se liefde en sy geregtigheid verkondig moet word, moet daar ook met die Evangelie na andere, ook diesulkes wat hulle nog hierteen verset, uitgereik word. Daar moet dus veral ook erns gemaak word met die bediening onder diegene wat hulle aan misdaad en geweld skuldig maak.

SA soos 'n land van oorlog

Uittreksel uit 'n gedokumenteerde verslag van die Universiteit van Pretoria, 2008

Die manifestasie van geweld het die land in 'n knelgreep. Statistiek op sigself kamoefleer, abstraheer en reduseer gebeure. Geen statistiek word gegee oor hoeveel mense, families en gemeenskappe op 'n diep traumatiese wyse deur elke moord, verkragting, kaping of marteling geraak word nie en nog minder weerspieël die statistiek die omvang, diepte en lyding van die hartseer, ontbering en ontwrigting wat dit meebring. Die volgende statistiek gee insig in die hoë misdaadvlakke van die afgelope 10 jaar. Dit is slegs die gerapporteerde oortredings. Nie alle oortredings (byvoorbeeld verkragting) word gerapporteer nie. Daar word in Suid-Afrika daagliks tussen 121 en 127 uit elke 100 000 mense verkrag. In Suid-Afrika is tussen 560 en 570 uit elke 100 000 mense daagliks slagoffers van ernstige aanvalle soos byvoorbeeld kapings. Daar word daagliks 64 tot 70 pogings tot moord en 42 tot 67 moorde uit elke 100 000 mense gerapporteer (http://www.iss.co.za/CJM/statgraphs/index.htm). De Beer (2007:4), 'n Inligtingkundige aan die Universiteit van Pretoria toon aan dat in die tydperk tussen 2001 en 2006 daar 130 000 mense gewelddadig vermoor is. Dit bring 'n mens by 60 000 aangemelde verkragtings, 300 000 ernstige aanvalle en 22 270 moorde per jaar (http://www.saps.gov.za/statistics/re...rime stats.htm). Indekse wat van tyd tot tyd gepubliseer word, bied 'n ewe kommerwekkende prentjie van geweld en trauma. Een so 'n indeks plaas Suid-Afrika in die 99ste posisie uit 120 lande as dit by vrede kom. Dit is 'n posisie (soos – eie invoeging, Red.) tussen lande wat deur oorlog geteister word (De Beer, 2007:4).

Hoe moet die spiraal van geweld gestuit word?

Die Bybelse evangelie is onontbeerlik

Die Bybelse evangelie word wel aan ons verkondig as 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, maar dit kom nie as 'n boodskap van geweld na ons nie. Dit is veel eerder oorreding deur die Gees van God wat die mens daartoe beweeg dat hy hom sal bekeer van sy verkeerde weg, intrinsiek ook dié van geweld.

Die Bybelse evangelie is in hierdie opsig uniek, aangesien dit die 'gevangeneming' van die persoon van 'n mens teweegbring. Dit staan teenoor die beskouing waarvolgens die mens met steeds groter mag in die samelewing beklee moet word, ten einde ongebonde vryheid te verwerf. Onderwerping en toewyding aan God en sy gebod is die Christelike lewenstyl, in plaas van die botviering van die self. Tereg leer die Bybel dat waar die Gees van God heers daar is ware vryheid, lewe en die vrede, wat in ons Here Jesus alleen te vinde is. Binne so 'n klimaat bestaan geen noodsaak meer om na geweld as 'n oplossing vir konflik te gryp nie.

Die onweerlegbare getuienis van die Christendom

Al sou dit so wees dat die Christendom van Suid-Afrika deur vele denominasies verteenwoordig word, is die eenduidige getuienis wat deur hulle uitgedra moet word van uiterste belang. Daar sou kwalik deur enige denominasie geïmpliseer kon word dat dit in orde sou wees dat geweld onbepaald teen 'n gedemokratiseerde samelewing gevoer sou kon word, welke beskuldiginge ten opsigte van die verlede ookal ingebring sou word. Maar, dit op sigself sal weinig tot die geloofwaardigheid van die Christendom in Suid-Afrika kon bydra, aangesien daarin nog veel ontbreek aan 'n Bybelgetroue getuienis.

Indien daar egter na 'n situasie beweeg sou kon word waar die Christendom die Bybelse getuienis oor geweld op verantwoordbare wyse sou kon artikuleer, sal dit rampspoedige gevolge vir geweld meebring. Teenoor die wat kerklik onverbonde is, en daarom moontlik vir die argument oor geweld meer vatbaar sou wees, is dit noodsaaklik dat hulle 'n eenduidige getuienis oor die benadering tot geweld moet hoor. Moontlik is dit 'n idealistiese verwagting in die situasie waarin die kerk in die breë haar in Suid-Afrika tans nog bevind, maar die erns van die vraagstuk van geweld is sodanig dat die oorwoë stem van die Christendom gehoor sal moet word.

Die kultuur van geweld in Suid-Afrika móét verbreek word

Die dringende noodsaak dat die kultuur van geweld in Suid-Afrika verbreek moet word spreek vanself. Wanneer geweld nie aan bande gelê word nie, lei dit tot groter geweld en uiteindelik eskaleer geweld teen 'n ontstellende tempo. Die samelewing kan nie op geweld teer sonder om self vernietig te word nie, en waar geweld nie aangespreek en tot bedaring gebring word nie, kan dit uiteindelik tot verwoesting daarvan lei.

Dit is van weinig betekenis dat aan die een kant die gevierde uitkomste van die nuwe demokrasie opgehemel word, maar aan die ander kant word dit alles weer deur die geweldskultuur tot niet gemaak. Dit dien geen doel om hoog oor die demokrasie op te gee, wanneer dit deur geweld, onrus en korrupsie weggeteer word nie. Die Christendom van ons land het in die bekamping hiervan 'n uiters belangrike taak en roeping te vervul. Dit is nie so dat die Christendom magteloos staan wanneer geweld dreig om die land af te takel nie. Hulle beskik oor die Woord van God wat magtig is, waarmee onheilige vestings afgebreek en vernietig kan word. Aansluitend hierby die krag van gebed, wat nooit onderskat mag word nie.

Die middele wat aangewend moet word om geweld te beteuel

Die getuienis van die Woord

Daar is reeds daarop gewys dat die Christendom oor die Woord van God beskik; die Woord wat geweld veroordeel en tot sonde brandmerk. Hierdie Woord is in ons midde en dit moet in hierdie haglike omstandighede met groot vrymoedigheid gebruik word. Wanneer die Woord geweld veroordeel, dan moet dit as sodanig verkondig en die getuienis daaroor laat hoor word.

Die krag van gebed

Die krag van gebed moet nie onderskat word nie, soos die Woord ons ook leer. God gee aan ons gebed as 'n middel om ter wille van die uitbreiding en bewaring van sy koninkryk en kerk in te tree en daarvoor te bid dat die geweldskultuur spoedig ten gronde gerig mag word.

Vrye gang van die evangelie

Die volgende wat hier sterk beklemtoon wil word is dat die staat die roeping ontvang het om so te regeer dat daar vrye gang vir die evangelieboodskap sal wees en dat die inwoners 'n rustige en stil lewe kan lei, in alle godsvrug soos die fomulier dit stel.

Ernstige oproep tot die owerheid

Die ernstige oproep wat tot die owerheid moet uitgaan is dat hulle hul op die uitoefening van hulle mag en gesag ter bestryding van geweld en ander euwels sal toelê; ooreenkomstig die voortreflike regeeramp wat hulle van God ontvang het.

Die gelowige in persoon

Elke gelowige, in laaste instansie, kan 'n bydrae daartoe maak dat geweld tot orde gebring word. Dit hang saam met ons eie benadering tot sake en die gesindheid wat deur ons elkedagse verhoudinge weerspieël word.

As die oortreder nie gehoor wil gee nie

Die wyse waarop met die geweldenaar gehandel moet word is dat dit in 'n Christelike gesindheid sal plaasvind. Daar

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

moet 'n appèl na geweldenaars uitgaan dat hulle hul tot God bekeer en afsien van die geweldsopsie.

In die finale instansie, wanneer ook geweldenaars hulle nie tot God wil bekeer nie, sal daar geen ander uitweg wees nie as dat daar teen hulle opgetree word. Die verpligting hiertoe berus eerstens by die staat en indien die staat nie sy plig wil nakom nie, is dit 'n aanduiding dat so 'n owerheid nie meer bevoeg is om na die eise van God se verordening vir wêreldlike owerhede te regeer nie. Dan sou ons by 'n situasie wees dat dit bepaal mag word deur die mate waartoe die gemeenskap bereid sal wees om durend met geweld gekonfronteer te bly word, al dan nie, wat tot anargie kan lei.

'n Voorstelling van Sint Bartolomeusnag, met die geweld teen Christene gepleeg.

Waar begin ons met die hervestiging van die Christelike kultuur?

Eerste beginsels in die ouerhuis

Christelike opvoeding van huis uit benadruk die noodsaak daarvan dat die eerste beginsels vir die regte lewenshouding binne die huisgesin vasgelê moet word. Daar is geen méér ideale plek waar hierdie beginsels deur ouers aan hulle kinders geleer word nie, as juis binne die kring van die huisgesin. Binne gesinskring vind die eerste praktiese toepassings daarvan in ons kinders se lewens plaas en leer hulle verstaan waarom die nalewing daarvan vir ons latere volwasse lewe so belangrik is. Waar binne die geborge ruimte van die ouerhuis kinders so oor die volmaakte wil van God vir ons lewens opgevoed word, word die grondslag vir hulle latere volwasse lewe stewig gevestig. Daar leer ons kinders, benewens die intieme bande van liefde wat daar in so 'n huisgesin moet heers, ook 'n tweede saak. Hulle leer van kleinsaf verstaan waarom God dit so bepaal het dat daar 'n aanwysing van die gesag van 'n vader en moeder in die ouerhuis moet wees, waaraan kinders hulle reeds in daardie vroeë jare moet onderwerp. Binne so 'n klimaat waar liefde en gesag heers, kan geweld op geen wyse gedy nie.

Die skool het 'n onontkombare roeping

Deur die onderwys wat ons kinders op skool gebied word, word voortgebou op wat alreeds aan ouerhuise geleer moes gewees het. Die belangrike fondament wat op die eerste beginsels berus is nou gereed om met onontbeerlike en toenemend gespesialiseerde kennis van 'n betekenisvolle struktuur voorsien te word. Die skool se taak d.m.v. die formele onderrig, is om die noodsaaklike kennis toe te voeg wat nodig sal wees om daardie beginsels later met vertroue na die samelewing te neem waar hulle as jong toetreders hul plek moet volstaan. Die sukses van die skoolonderrig sal tot 'n groot mate bepaal word deur hoe blywend die eerste beginsels vasgelê word. Maar daarvandaan het die skool sy eie roeping om onontbeerlike inhoude daaraan toe te voeg en aan die beginsels hulle verdere en breëre toepassings vir die groei na geestelike volwassenheid te gee. Binne die Christelike verhoudingsbasis wat die skoolopset daarstel, moet kinders en jongmense die voortgesette opvoeding ontvang, wat geharmonieerde verhoudinge tussen hulle en hul onderwysers, asook met mede-leerlinge sal bevorder. Deurdat die skool as 'n mikrosamelewing beskou kan word, moet die faktore wat tot geweld kan bydra, binne die onderrigprogram hanteer word.

Ter wille van die geslaagdheid waartoe formele onderrig aan die verdere uitbouing en verstewiging van die leerinhoude moet bydra, staan Christelike onderwys as die mees grondliggende. Dit vertoon die grootste mate van ooreenstemming met die beginsels wat God vir die skepping neergelê het, sodat ons kinders kan verstaan hoedat daar op 'n normatiewe wyse met die skepping, asook God se skepsele omgegaan moet word.

Die heerlike en onvervangbare roeping van die kerk

As bondgenoot van die ouerhuis en die skool, is die roeping van die kerk die Woordverkondiging, waardeur die Bybelse waarhede tuisgebring moet word. Sonder hierdie grondslag van waarheid vir die totale lewe, met inbegrip van die instellings van die gesin en skool, kan die samelewing hoegenaamd nie sinvol bestaan nie. Die noodsaak van die Christelike leer, waarkragtens die geloofslewe gevoed en gesterk moet word spreek haas vanself. Daarsonder sal ons kinders die lewe nie met vertroue kan aandurf nie, aangesien hulle lewens op die sekerheid wat God in sy Woord ons bied gebou moet word. Die kerk wat moet toerus vanuit die waarheid van Gods Woord neem gevolglik 'n onmisbare plek in ons samelewing in. Waar anders sal ons kinders die noodsaaklike kennis van God en sy Woord deur die verkondiging daarvan kan verneem, waarmee hulle toegerus sal kan word om in die samelewing te kan onderskei tussen wat na Gods wil en welbehae is en wat daarmee in stryd is; hoe daar op elke lewensterrein gehoorsaam aan die Bybelse beginsels gelewe sal kan word?.

Dit is immers eers op grond van die Woord dat ons vasstel wat God se eise vir menselewens is en waarom Hy geregtigheid vereis. Dit word deur die gebod van die liefde tot Hom bo almal en ons naaste soos onsself 'n werklikheid in menselewens, waarteen geweld nie kan standhou nie. Waar hierdie gebod van God, sy verordeninge vir ons totale lewe, nie geleer word nie, lei dit tot ontaarding en uiteindelik 'n kultuur van geweld.

Die opdrag van die staat

Daar is reeds in hierdie uitgawe na die roeping en taak van die staat verwys. Nogtans word dit nodig geag dat aan die plek van die staat verdere aandag gegee word. Deurdat aan die staat spesifieke opdragte in die Bybel verleen word met die mag en gesag wat daarmee saamhang, moet aan die staat se bydrae in die vestiging van 'n Christelike kultuur meer spesifieke aandag gegee word. Wanneer aan die staat die magte deur God verleen word wat die goeie orde en die handhawing van die reg moet bevorder, is dit die owerheid se duidelike opdrag om die kwade te bestry. Ja, daar moet met die mag tot hulle beskikking opgetree word om geweld te beteuel, dit onder bedwang te bring, selfs die kwaaddoeners wat hulle skuldig maak te straf. Die staat het in die vestiging van die Christelike kultuur geen minderwaardige taak om te vervul nie. Inteendeel, slegs deur die Bybelse wyse waarop die owerhede (behoort te) regeer, naamlik in belang van reg en geregtigheid, sal geweld in die kiem gesmoor word.

Die samelewing

Maar wat nou van die samelewing self?; daar waar ons ons elkedagse bestaan moet voer en ons deel moet doen, sodat

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 15

elkeen se bydrae in mindere of meerdere mate die lewensnoodsaaklike beginsels van naasteliefde, ordelikheid en welwillendheid moet bevorder. Dáár verduur ons nog dikwels dat geweld onverhoeds op ons afkom in vorme van aanvalle, dreigemente, kaping, roof ens. Tot tyd en wyl die stabiliserende uitwerking van die hervestiging van die Christelike kultuur weer seënryke gevolge vir die samelewing begin vertoon, sal ons steeds die Christelike weg moet bly bewandel. Daarin sal die gesindhede wat die gemeenskap moet omvorm totdat die eer van God weer vooropstaan, die deurslag moet gee.

Mediavrystelling

Eerste Christelike Afrikaanse onderwysersopleiding

Unieke Akademie spring vanjaar weg

Die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies (Aros) het nou goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang om vanaf vanjaar 'n ten volle geakkrediteerde B.Ed.-graad aan te bied.

Studente wat nog vanjaar vir onderwyser wil begin studeer, kan vandeesweek by Aros aanmeld. Inligtingsessies word daagliks gehou.

Die B.Ed.-graad is vir studente wat onderwysers in die grondslagfase (gr 0-3) wil word. Dit is 'n vierjaargraad en word op so 'n manier aangebied dat studente as assistente by skole kan inskakel en praktiese ervaring kan opdoen, en Vrydagmiddae en -aande asook Saterdae lesings bywoon.

Die graad is in verskeie opsigte uniek. Dit is voluit vanuit die Christelike benadering saam-gestel. Ook is dit die eerste Afrikaanse B.Ed.-graad wat deur 'n private instansie aangebied word. Die afgeleweringsmodel is uniek in die opsig dat kontaksessies oor naweke en afstandonderrig deur die week deur die internet aangebied word. 'n Vereiste is dat studente by skole inskakel en praktiese ervaring opdoen.

Mnr Pieter Bisschoff, uitvoerende hoof van Aros, sê met dié vergunning is nou 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik om 'n voluit Christelike graad aan te bied. Hierdeur hoop Aros om 'n betekenisvolle bydrae te kan lewer om die tekort aan Christelike en Afrikaanse onderwysers te verminder.

Aros het agt jaar gelede begin om die B.Ed.-graad namens Noordwes-Universiteit aan te bied en het drie jaar gelede aan die werk gespring om sy eie graad te ontwikkel. Hierdie graad is laat verlede jaar deur die Raad vir Hoër Onderwys goedgekeur. Nou het die Departement die graad en ook Aros as instelling goedgekeur. Dit impliseer dat Aros se kwalifikasie dwarsdeur die land deur openbare laerskole erken word.

Vanjaar het Aros byna 200 derde- en vierdejaarstudente wat by sy kampus in Waverley, Pretoria, die B.Ed.-graad loop. Nou kom Aros se eie graad aan eerstejaars by. Daar word verwag dat 'n verdere 200 studente nog vandeesweek sal aanmeld.

Aros beskik reeds oor 'n veertigtal voltydse en deeltydse dosente met baie jare se ervaring. Studente is by meer as 'n honderd skole in die omgewing werksaam. In die afgelope paar jaar het geblyk dat skoolhoofde sonder uitsondering baie in hul skik is met sowel die studente as met die onderwysers wat by Aros gekwalifiseer het.

Omdat studente oor naweke lesings moet loop, is dit 'n vereiste dat hulle nie verder as 150 km van Pretoria woon nie.

Aros beplan om die beskikbare studierigtings uit te brei. Eerste aan die beurt is 'n amptelike kwalifikasie vir kleuterskoolonderwys wat hopelik reeds aanstaande jaar sal begin.

Voornemende studente moet so gou as moontlik met Aros skakel, tel 012 332 3227, of die e-pos info.aros.ac.za. Vir meer inligting, skakel www.aros.ac.za.

Nota: *Aros is 'n Artikel 21 maatskappy (sonder winsbejag) en voorwaardelik geregistreer as 'n private hoër onderwysinstelling deur die Departement vir Hoër Onderwys en Opleiding volgens Afdeling 54 (3) en Regulasie 16 (4)(b) van die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer 2012/HE08/001.*

Vir verdere inligting, skakel Lydia van der Kooy, tel 0012 332 3227, sel 084 222 8893 of e-pos lydia@aros.ac.za. Aros se fisiese adres is Dickensonlaan 1280, Waverley, Pretoria.

Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Bybelse beginsels wat sentraal staan

(in ons besinning oor geweld)

Eerbied vir God, die Skepper van alles wat lewe

Eerbied vir God, die Skepper van die heelal, staan bo-oor alles waarmee mense hulle hier op aarde sou interesseer. Ons Skrifmatige belydenis dat die absolute heerlikheid en majesteit van God oor alles en almal heen strek, stel die beginsel waarvolgens mense hulle lewens sal inrig. Alles waarvan ons weet en nie weet nie behoort aan Hom uit Wie dit ontstaan het, uitgesonderd die sonde. Wie dit bely, besef dat in die proklamering van God se heerlikheid as Skepper oor sy skepping geen deel daarvan uitgesluit sou kon word, asof dit nie aan Hom sou behoort nie. Inderdaad, ons totale lewe, met alles daarby inbegrepe, wat geen ruimte vir geweld laat nie.

Waar geweld dus in die Woord veroordeel word as 'n metode wat gebruik sou word om persoonlike belange te bevorder, staan dit sonder twyfel uitdruklik teenoor wat God van ons verwag, aangesien daarmee teen die gebod ingegaan word. So is dit trouens met elke ander sonde die geval. Die eer van God word op geen wyse deur die sonde van geweld bevorder nie, inteendeel dit word mateloos aangetas.

Gods eer kan slegs gehandhaaf word wanneer aan sy duidelike opdragte in verband met die verhouding waarin ons voor Hom en teenoor ons naaste moet lewe, konkrete uitvoering gegee word.

Die positiewe uitlewing van die gebooie/ insettinge/ verordeninge van God

Naas die eerbied vir God, eis Hy van ons gehoorsaamheid aan sy gebooie. Benewens die tien gebooie, geld die insettinge en verordeninge waarmee Hy sy skepping regeer. Wanneer die sesde gebod doodslag verbied, is dit nie net 'n daad wat teen die lewe van 'n medemens gerig is nie, maar ook die gebruik van geweld wat ter sprake is. Selfs nie eers daar waar iemand met fisieke geweld aangerand of gedood sou word nie, maar ook die onuitgesproke gedagte oor 'n ander se ondergang, is sonde van geweld.

God gebied kragtens sy Woord dat van die sonde van geweld afgesien sal word. Die sonde van geweld word trouens meer as eenkeer in die Bybel veroordeel o.m. in Sag. 4:6.

Maar dit is ook uit die Woord duidelik dat verbreking van enige van die ander verordeninge geweld in die oog van God is. Wanneer, byvoorbeeld, die goddelike instellings soos die huwelik en gesin deur menslike optrede uitmekaargedryf word, is dit tewens ook dade van geweld.

Daarenteen, waar in gehoorsaamheid aan die Wetsordening van God gelewe word, soos Hy ons beveel, kan dit nie anders nie as dat geregtigheid en harmonie na die samelewing sal terugkeer. In die beredenering word steeds rekening gehou met die gevolge van die sonde. Waaroor dit hier egter gaan is 'n verandering in die gerigtheid van menselewens weg van die sonde, terug na God.

Praktiese uitlewing van die opdrag tot liefde jeens God en ons naaste

In die bespreking oor die beteueling van geweld staan sowel God se geregtigheid, asook sy gebod van liefde sentraal. Dit vereis van gelowiges dat hulle hul nie net aan God se wetsorde sal onderwerp nie, maar in positiewe sin ook daaraan uitvoering sal gee. Die wetsorde gebied dat aan die gebooie van God voldoen moet word deur dit op hierdie wyse uit te lewe ook tot heil van die naaste. Deur liefde volgens die wil van God deur sy Gees in ons gewerk, en die praktiese uitlewing daarvan, sal die bestaansruimte vir geweld ingekort en uiteindelik opgehef word. Waar hierdie gebod van God in menseharte heers, kan daar nie meer plek vir haat en wraakgedagtes wees nie, aangesien daar nou 'n ander dryfveer in mense se lewens aanwesig is – dié van liefde tot God en die naaste, waar geregtigheid herstel word.

Die taak van die owerheid in die lig van Rom. 13

Hierdie aanwysing van die taak van die wêreldlike owerheid, stel die verordening dat die owerhede die mag en gesag verkry het om teen kwaaddoeners en onordelikes op te tree. Die opdrag behels beslis nie dat in weelde gelewe word, onderwyl die burgery van 'n land aan geweldpleging uitgelewer word nie. Hulle is immers God se dienare wat direk van Hom die opdrag ontvang het om goed te regeer. In die toepassing van hulle regeeramp is daar twee duidelike elemente. Die eerste is dat hulle so sal regeer dat hulle van hul onderdane die eer sal ontvang wat hulle waardig is. Die tweede is dat hulle die wat kwaaddoen moet straf. Dit sluit diegene wat geweld pleeg in, aangesien dit 'n aantasting is van die goeie orde. Daarom durf die owerhede die uitoefening van geweld nie willens en wetens verdra en laat voortduur nie, maar moet daar met beslistheid opgetree word.

Daadwerklike hulp aan en ondersteuning van geteisterdes

Daar rus, volgens ons beskouing van naasteliefde op grond van die Woord, 'n verpligting op die Christengelowige om aan die wat deur geweld geteister word, hulp te verleen. Die gesindheid van die geweldenaar is om die slagoffer aan die ellende van sy dade oor te laat. Volgens ons Christelike opvatting getuig dit nie van die liefde van God wat aan mense genade en leefruimte wil bied nie. Iemand wat dié wat so onder die hande van geweldenaars deurgeloop het in hulle nood en beproewinge bystaan, vervul die goddelike opdrag van barmhartigheid.

Teenoor die geweldspersoon

Die nog onbeantwoorde kwessie is: wat moet ons houding teenoor die geweldenaar wees? Desondanks al die negatiewe publisiteit oor geweld is daar steeds diegene wat die geweldsopsie verkies. Wanneer ons, op grond van die Woord, afwysend teenoor geweld staan, is die moeilikste vraag seker: wat van die geweldenaar self? Kan ons, as Christene, veroordelend teenoor so-een staan of hulle selfs met 'n gesindheid van haat bejeën? Die Woord is baie duidelik dat ons nie mag veroordeel nie. Haatdraendheid pas ook nie 'n Christen nie. Dit raak uiters moeilik waar onsself, ons gesin of familie die teiken van geweld was. Dit beteken egter nog nie dat by geregtigheid verbygegaan moet word nie. Inteendeel, net soos wat met enige gedrag wat teen die norm is, gehandel moet word, so ook dié van die geweldenaar. Waar iemand volhardend geweld pleeg, moet die regsproses sonder skroom toegelaat word om sy gang te gaan. Waar dit duidelik blyk dat iemand op geweld uit is, word dit onafwendbaar dat so-een uit die samelewing verwyder moet word deur gevangesetting, gepaard met toepaslike straftoemeting.

Die demokrasie van Suid-Afrika in die branding?

D.F.M. Strauss

Hoewel die wanindruk maklik posvat dat die politieke geskiedenis van Suid-Afrika volstrek uniek is, kan die staatkundige ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika nòg van die lang geskiedenis van besinning oor die aard van die staat, nòg van die uiteenlopende staatspraktyke wat die ontwikkeling van die moderne idee van die *regstaat* vergesel het, losgemaak word. Wanneer besin word oor aard en taak van die owerheid is daar van sedert die Griekse oudheid oudsher op die eise van *geregtigheid* gelet.

Hierdie vraag na *geregtigheid* hang egter nooit in die lug nie, want binne die konteks van elke staat is dit onherroeplik verweef met die *swaardmag* van die owerheid. Normaalweg word die term *demokrasie* weliswaar aan één deurslaggewende idee verbind – die idee naamlik dat die *meerderheid regeer* (d.w.s. aan "majority rule" as borg vir *vryheid*). Uiteraard impliseer hierdie idee ook die *gelykheid voor die reg* van alle staatsburgers. In die huidige konstitusionele bestel van Suid-Afrika is die eise van *transformasie* – wat konstitusioneel veranker is as gevolg van die onreg waaraan nie-blanke persone tydens die era van apartheid onderworpe was – egter verbind aan die idee dat die staatsadministrasie en selfs bepaalde niestaatlike samelewingsvorme *verteenwoordigend* van die bevolkingsamestelling (demografie) van die land moet wees. Die vraag na die aard en die beskerming van publiekregtelike vryheid en gelykheid, van individuele vryhede asook van die interne vryhede van niestaatlike samelewingsvorme het gevolglik in die sentrum van die kontemporêre debat te staan gekom.

Die ongebreidelde toename in korrupsie en nepotisme word tans vererger deur die probleem van *deursigtigheid* en die bedreiging van *persvryheid* in Suid-Afrika. Voeg daarby die steeds voorkomende gevalle van intimidasie, geweldpleging en saakbeskadiging wanneer teen korrupsie en swak munisipale dienslewering betoog word en ons besef dat Suid-Afrika nog glad nie oor 'n *homogene* politieke kultuur beskik nie – daar word gedobber tussen 'n *intimidasie politieke kultuur* en 'n politieke kultuur waarin *vreedsame politieke medeseggenskap* uitgeleef kan word, sonder vrees vir jou besittings of lewe.

Historiese terugblik

Hoewel Rousseau skynbaar in die bresse getree het vir die aard van publiekregtelike vryheid en gelykheid het hy tegelyk in aansluiting by die Renaissance-ideaal probeer om die staatlike samelewing vanuit die eenvoudigste "elemente" of "atome" daarvan te konstrueer met behulp van 'n hipotetiese (en dus geensins 'n *historiese*) *sosiale verdrag*. Volgens hom tree daar egter meteens 'n moreelkollektiewe liggaam uit die verdrag na vore met 'n eie gemeenskaplike *self*, *lewe* en *wil* – 'n bo-persoonlike kollektiwiteit wat onder die leiding van die *algemene wil* (die *volonté générale*) elke lid as 'n onafskeibare *deel* van die *geheel* omvat. Volgens Rousseau dien die verdrag as die grondslag van *alle regte* in die staatstoestand en verleen dit aan die staatkundige liggaam 'n *absolute beskikkingsmag* oor al sy lede.

Let daarop dat hierdie absolute beskikkingsmag wat Rousseau aan die *algemene wil* toeken in beginsel net so onbeperk is as die magte van die *vors* in Hobbes se teoretiese staatskonstruksie. Die sprong van die *atomisme* wat aan Rousseau se verdrag voorafgaan na die *holistiese* resultaat wat daaruit voortvloei (die bo-individuele kollektiewe liggaam wat elkeen as 'n onafskeibare deel omvat en wat aan die staatkundige liggaam 'n absolute beskikkingsmag oor al sy lede gee), was die wegbereider vir die onverhulde erkenning van die innerlikteenstrydige aard van sy hele verdragsteorie – wat mede saamhang met die modern-humanistiese gedagte van outo-



nomie (self-wet-stelling); hy omskryf vryheid immers as gehoorsaamheid aan die wet wat die mens vir sigself stel.

Uiteindelik kon Rousseau egter nie daarin slaag om die *innerlike teenstrydigheid* van die spanning wat in die diepste uitgangspunt van sy denke verskuil lê te verwoord nie – en wel deur te stel dat almal wat nie by die meerderheid inval nie ongehoorsaam aan hul eie wil is en gevolglik *gedwing* sal moet word om *vry* te wees. Daarom – só skryf Rousseau eksplisiet – sal so 'n minderheid *gedwing* moet word om *vry* te wees (Rousseau, 1966:15). (In die oorspronklike Franse teks lees dit "… ce qui ne signifie autre chose sinon qu'on le forcera – être libre".) Hoewel die politieke filosofie van Rousseau die skyn wek van 'n inhoudelike (*materiële*) regstaatsteorie, d.w.s. van 'n teorie wat die unieke eie-aard van die staat as *regstaat* wil verantwoord, lewer sy denke in werklikheid bloot 'n *formele regstaatsteorie* op wat inhoudelik net so totalitêr en absolutisties is as die siening van Hobbes wat openlik 'n *magstaatsteorie* ontwikkel.

Hoewel die Kaapse Patriotte nóú verbind is aan die gedagtewêreld van Locke is hul *volkstemgedagte* eerder ingeënt op die *volksoewereiniteitsleer*

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

van Rousseau. In hierdie sin is die volkstem die uiting van die volkswil en word die oppermag van die volkstem in alle staatsaangeleenthede erken. Die tragiese ironie is egter dat die Protestants-Christelike burgers van die nuwe statestigtings in die Vrystaat en Transvaal hulle van die politieke taal van die dag moes bedien, d.w.s. dat hulle moes gebruik maak van die klassiek-liberale en revolusionêr-demokratiese gedagtegoed van Locke en Rousseau. Hierdie sonderlinge samevloeiing van 'n Protestantse vryheidstrewe aan die een kant, en 'n grootskaalse gebruikmaking van die terme-apparaat van die *Verligting* aan die ander kant, kenskets veral die politieke denke van die laat-agtiende en die negentiende eeu in Suid-Afrika.

Uit die feit dat die Voortrekkers tydens die Groot Trek hul vryheidsdebat met die Britse owerheid dikwels in die terme van die Verligtingsdenkbeelde gevoer het mag egter nie afgelei word dat die Voortrekkers opeens van *Protestantse Christene* in *revolusionêre Jakobyne* verander het nie! Nogtans mag ons ook nie blind wees vir die *gemengdheid* van hierdie erfenis nie.

Die 'volksstem' as 'koningstem'

Die idee van volksoewereiniteit is veral gegiet in die vorm van die "volksstem"-idee, d.w.s. die oortuiging dat die verkose verteenwoordigers bloot "lashebbers" van die "volk" was – waar "De 'Algemene Volksstem' ... als lastgever de hoogste macht in de Republiek behouden". Volgens Wypkema toon die uitsprake van die Voortrekkerleiers dat die "volksstem die opperste mag" uitgemaak het en dat die oppergesag dus by die "volk" berus het. Dieselfde gedagte-goed word in Natal aangetref en om die "volksstem"-idee te versterk is dit reeds deur die Patriotte verbind aan die siening dat die *volksstem* die *koningstem* is. In die twee Boere-Republieke word ook afwisselend aan die *volk* en die *volksraad* die hoogste gesag toegeken (in plaas van die President wat in die owerheidsamp staan).

Selfs die problematiese rol wat aan die *meerderheid* toegeken word, het ook eksplisiete aandag ontvang, want in 'n memorie van Lydenburg (September l854) lees ons: "En wij vraagen of de meerderheid het regt en de wet dan is in dit land? Of de meerderheid het regt volgens bestaande wette toegekend is, om alles na hun zin te laten maken of veranderen, al is het ook onregt? Wij vernemen, dat er gezegt is, maar wij vragen ... of er een gedeelte (van het) publiek de magt in handen gegeven is, om over het ander gedeelte (van het) publiek te heerschen".

'n Demokratiese politieke kultuur?

Om oor die *staat* te praat veronderstel dat daar *naas* en in *onderskeiding* van die staat 'n verskeidenheid *nie-staatlike samelewingsvorme bestaan* waarvan die *regsbelange* deur die staat in een openbare regsorde saamgesnoer kan word – soos die bedryf, huwelik, gesin, kerkgenootskappe, sosiale verenigings, kultuurverenigings, kultuurgemeenskappe, primêre, sekondêre en tersiêre onderriginstellings, e.s.m. Die owerheid van 'n *regstaat* is daarom altyd geroepe om ewewig en harmonie in die veelheid van regsbelange op die staat se territorium te handhaaf en telkens waar regskending plaasvind regsherstel te bewerkstellig. As *saak van die publiek* (*res publica*) is die staat gevolglik *na sy aard* 'n *publiek-regtelike* instelling – op basis van die swaardmagmonopolie op 'n begrensde staatsgebied (territorium).

Die term *demokrasie* moet op die konstitusioneel-verskanste *plasingsbevoegdheid* wat in die kiesreg van elke burger opgesluit lê teruggevoer word. Enersyds veronderstel hierdie *plasingsbevoegdheid* dat daar kragtens die struktuurbeginsel van die staat inderdaad 'n *owerheidsamp* (met inherente gesagsbevoegdhede oor onderdane) bestaan en andersyds impliseer dit dat dit onmoontlik is om uit hierdie *plasingsbevoegdheid* enige tipies-inhoudelike beginsels van die publieke reg – insluitende die staatsreg, strafreg, strafprosesreg, administratiewe reg en internasionale publieke reg (volkereg) – af te lei. (Regstegnies word daar ook van *materiële* beginsels gepraat.) Omgekeerd veronderstel die konstitusionele ordereëling rakende politieke partye en algemene verkiesings rééds die bestaan van die gemelde regsfere.

In beginsel is die staat na sy aard dus 'n *publiekregtelike instelling* wat vereis dat dit in die vorm van 'n *regstaat* georganiseer *behoort* te word, d.w.s. in 'n staatsvorm wat ruimte laat vir politieke vryhede, siviele vryhede en samelewingsvryhede (die interne vryhede van nie-staatlike lewensvorme). Dit is gevolglik wenslik om nie die woord *demokrasie* as 'n substituut vir die woord *staat* te gebruik nie en om selfs wanneer 'n kwalifikasie (byvoeglike naamwoord) gesoek word eerder van 'n *regstaat* as van 'n *demokratiese staat* te praat. Die begrip *regstaat* omvat immers 'n verwysing na die bogemelde sfere van die publieke reg, burgerlike en nie-burgerlike privaatreg, terwyl die byvoeglike naamwoord 'demokraties' bloot beperk is tot die kiesreg-prosedure ('n onderdeel van die *publieke reg*, meer in die besonder van die *staatsreg*).

Die kern-vraag is immers of die *meerderheid* burgers van 'n staat as *regsbron* van enige regsfeer binne 'n regstaat kan dien – en indien wel, vir watter een? Met ander woorde, kan die *meerderheidsbeginsel* borg staan vir *reg* en *geregtigheid*?

Watter *grond* sou daar vir hierdie toepassing van die meerderheidsbeginsel (as bron van geregtigheid) aangegee kon word? Het die meerderheid tewens besluit dat wát die meerderheid besluit *reg* is (selfs al is dit *onreg* – gesien vanuit die perspektief van die toepaslike beginsels van die strafreg)? En vervolgens: Het die meerderheid besluit dát die meerderheid besluit dat wát die meerderheid besluit reg is? Siedaar hoe hierdie argument vervloei in 'n *eindelose regressie* (*regressus in infinitum*) sonder dat 'n fundering gebied kan word vir die verheffing van die meerderheid tot bron van geregverdigde reg. Max Weber het by geleentheid 'n soortgelyke opmerking oor die *waarheid* in die wetenskap – geen demokratiese stemming kan die waarheid van enige wetenskaplike stelling bepaal nie (selfs al besluit die meerderheid dat die aarde plat is bly dit 'n sfeer). Die logika praat tereg van die

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

"majority fallacy" – die "meerderheids-valstrik".

Gestel 'n persoon wat van moord aangekla is en wat bo alle redelike twyfel skuldig bevind is se skuldig-bevinding word ter syde gestel deur 'n *meerderheidsbesluit van die burgery*?! Die absurditeit is vanselfsprekend – die meerderheid is nooit die bron van geregtigheid nie. Wanneer die idee van "verteenwoordigend van die demografie" losgemaak word van die struktuurbeginsels van die staat en van nie-staatlike samelewingsvorme, sal eenvoudig teruggekeer word na die dae van *Apartheid* toe diskriminasie wetlik vasgelê is.

Net so min as wat die meerderheid verhef kan word tot die *bron* van *waarheid* of van *geregtigheid*, kan dit kompenseer vir die *afwesigheid* van die benodigde *kwalifikasies*, *vaardighede* en *kompetensies* in 'n samelewing. Gestroop van 'n kwalifikasie- of vaardigheidskonteks verval die voorskrif van "verteenwoordigend van die demografie" in die *nivellering* van die eie-aard van die nie-staatlike lewens-sektore waarop dit toegepas of afgedwing word. Vir 'n samelewing waarin die ideaal van 'n "demokratiese staat" of 'n *regstaat* leef, dui so 'n situasie op dieselfde *diktatuur van die meerderheid* as dié waaraan die "algemene wil" van Rousseau die samelewing uitgelewer het.

Die inherente gevaar van die huidige staatkundige bestel van Suid-Afrika is gevolglik dat sommige van die *middele* wat gekies is om by die ideaal van 'n vrye en werklik regverdige staatsbestel uit te kom – 'n egte regstaat waarin alle politieke, siviele en samelewingsvryhede geborg en beskerm sal wees sonder enige *diskriminasie* – inderdaad kan ontaard in die grootste *hindernis* op die weg daarheen. Mag ons vertrou dat beginsel-gerigte staatsmanskap die toekoms van die Republiek van Suid-Afrika daarteen sal beveilig, sodat die geskiedenis eventueel nie sal moet uitwys dat ons gefaal het om die les van Rousseau se revolusionêr-demokratiese vryheidsideaal te leer, deurdat saam met die hoogtepunt van die Suid-Afrikaanse demokratiese vryheidsideaal inderdaad sy diepste (magstaat-val) gegee is – uitgelewer aan die *diktatuur van die meerderheid*.

Publikasies

Twee vroeër-aangekondigde publikasies sal na verwagting gedurende Mei verskyn. Die titels daarvan is *Ongeloof en revolusie of die Evangelie en redding* en *Aan Sy maaltyd – deel in die rykdom daarvan*. Enigeen wat in enige van die titels belangstel, kan die kantoor vra om hulle besonderhede op 'n bestellys te plaas.



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M.Strauss.

50
(1999)

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Ds S. le Cornu (Carletonville), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H. Horn (Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr H.G. Stoker (Pretoria), dr A.L.A. Buys (Pretoria) en mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer (Brakpan), Prof J.A.E. Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes